Donderdag **8 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 46**

**Fokusgedeelte: Psalm 46:2-5**

**God is ’n toevlug in die nood**

Ellende, verlossing en dankbaarheid is die drie hoofdele van die Heidelbergse Kategismus. Ons fokusgedeelte kan ook maklik in die drie dele saamgevat word. Die kinders van Korag is deur God geïnspireer om hulle nood, hulle uitkoms en hulle blydskap te verwoord. Deur hulle psalmlied wys God ons ook op ons nood, waar ons uitkoms lê en hoe dit ons sal verbly.

Natuurlik wil niemand in nood verkeer nie, en tog ervaar elkeen van ons benoudheid in hierdie lewe. Moeilike weë kan egter tog geseënde weë wees. Die Psalmdigters het ontsettende nood ervaar, dit het vir hulle soms gevoel asof hulle hele lewe geskud en geruk word. Die nood het amper gevoel soos bruisende watermassas wat hulle oorspoel en waarin hulle gaan verdrink.

U kan miskien op die oomblik ook sulke benoudheid beleef en dan roep God deur die psalm tot u. God roep deur die psalm tot u om by Hom te kom skuil. Die kinders van Korag kan nie uit hulleself tot God vlug nie (lees maar Num. 16), dis alles net deur genade deur die versoening van Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees. Wat ’n groot troos, deur Jesus Christus ons Middelaar kan ons, kan u, na die Almagtige God vlug en by Hom skuil. Ons vlug tot God deur gebed en smeking, deur vas te hou aan sy Seun, ons Koning, deur die voorbeeld wat Jesus Christus vir ons nagelaat het.

Die psalmdigters wys dat deur by God te skuil, hulle nood verander het in blydskap, blydskap te midde van beproewinge. Die bruisende water maak plek vir stroompies wat verkwik en nie verwoes nie. Dit laaf en laat die dors verkwyn, so openbaar Jesus Christus dat die wat drink van die water wat Hy hulle gee, nooit meer dors sal kry nie (Joh. 4:14), maar dat hulle verkwik sal word en met blydskap ook vir ander sal vertel.

Erken u nood, gaan skuil by God en vertel met blydskap God se genade werke in u lewe aan ander!

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. HL (Henk) Stavast (Nylstroom)*